NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur | 100 punte

---

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings:

   - Afdeling A: Letterkunde (Drama en Prosa)
   - Afdeling B: Transaksionele Skryfwerk

3. Beantwoord twee vrae uit Afdeling A en twee vrae uit Afdeling B.

4. In Afdeling A moet jy die eerste vraag (Vraag 1) beantwoord. Daarna moet jy óf Vraag 2 óf Vraag 3 beantwoord (indien jy Toekomsmens bestudeer het) óf Vraag 4 óf Vraag 5 (indien jy Een of ander held bestudeer het).

5. In Afdeling B moet jy die eerste vraag (Vraag 6) beantwoord. Daarna moet jy óf Vraag 7 óf Vraag 8 beantwoord.

6. Lees die instruksies by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.

7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae op die vraestel genommer is.

8. Begin elkeen van die vier vrae boaan 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.

9. Let op die puntetoekenning van die verskillende vrae en beplan jou tyd daarvolgens.

10. Skryf netjies en duidelik leesbaar.

11. Skenk aandag aan taalversorging.

---

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A LETTERKUNDE

## DRAMA

## VRAAG 1 *DIE DAG IS BROS* (Wessel Pretorius)

**Instruksies vir mini-essayvraag**

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Die vraag bestaan uit 'n stelling oor die drama waarop jy in 'n mini-essay argumenterend moet reageer.
- Jou inleiding moet duidelik aantoon of jy met die stelling saamstem of nie en ook jou hoofargument verwoord.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Bring die woordtal (ongeveer 400 woorde) onder jou mini-essay aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou mini-essay gebruik word.

**STELLING:**

*"Elsa loop met een kruk wat sy kan neersit en waarsonder sy kan klaarkom vir kort rukkies. Dit is dus nie nodig dat die kruk heeltyd gebruik word nie, maar is nietemin noodsaaklik."*

[Bron: Pretorius, W. 2017. *Die dag is bros*. Skrywersnota, bl. 8.]

Behalwe vir die fisiese kruk waarna daar in die bostaande skrywersnota verwys word, dien ook **Tertius, Brian en Irma** as **metaforiese krukke vir Elsa**, wat noodsaaklik is vir haar om staande te bly tydens 'n baie moeilike tyd in haar lewe.

**OPDRAG:**

- Skryf ʼn mini-essay van ongeveer 400 woorde waarin jy betogend op die bogenoemde stelling reageer.
- Bewys in jou gevolgtrekking of **Elsa se uiteindelike oorlewing** daarop berus dat sy **sonder hierdie metaforiese krukke** oor die weg sal moet kom.

**[30]**

IEB Copyright © 2024

## PROSA

### Instruksies vir prosavraag

- Twee vrae word oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel waarvan jy slegs een vraag moet beantwoord:
  Óf Vraag 2 óf Vraag 3 (oor *Toekomsmens* – Isa Konrad)
  Óf Vraag 4 óf Vraag 5 (oor *Een of ander held* – Zirk van den Berg)
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Jou literêre opstel moet beredenerend van aard wees.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die uitgangspunt(e) van jou opstel is.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Bring die woordtal (ongeveer 600 woorde) onder jou literêre opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

**BEANTWOORD VRAAG 2 óf VRAAG 3 as jy *TOEKOMSMENS* bestudeer het.**

**VRAAG 2 KEUSEVRAAG: *TOEKOMSMENS*** (Isa Konrad)

Wat is dit wat 'n mens tot held maak? Dit is ongetwyfeld die wyse waarop hy in 'n oomblik van krisis bereid is om met agterstelling van sy eie persoon en belang, die **uitdaging van die oomblik te aanvaar en positief daarop te reageer**. Die aard van die krisis sal van geval tot geval wissel, net soos die aard van die uitdaging waarvoor 'n mens gestel word en die daad wat in die situasie verlang word. Maar wat in alle gevalle dieselfde bly, is die eis dat op die juiste oomblik **gedoen moet word wat noodsaaklik is om die krisis te probeer afweer,** sodat die **kwaad gestuit en die beswil van die medemens bevorder kan word.**

[Bron: <https://williejonker.co.za/held/>]

Bespreek aan die hand van bogenoemde stelling, in 'n literêre opstel van 600 woorde, of Kel de Jong aan die einde van die roman as 'n held gesien kan word. Gebruik die vetgedrukte woorde om jou in jou argument te lei.

**[30]**

**OF**

**VRAAG 3** **KEUSEVRAAG: *TOEKOMSMENS*** (Isa Konrad)

Die skrywer van *Toekomsmens,* Isa Konrad, sê in 'n onderhoud oor die hoofkarakter, Kel de Jong:

> *"Om hierdie aanvanklik eendimensionele karakter 'n pad deur tyd en ruimte te laat stap **waarop hy die diepste menslike lief en leed teëkom, en homself uiteindelik vind**, was van die mees bevredigende skryfwerk wat ek nog gedoen het. **Hoe verder hy ontwikkel het, hoe meer was daar op die spel vir hom**."*

[Bron: <https://www.litnet.co.za/toekomsmens-deur-isa-konrad-n-onderhoud/>]

Beredeneer in 'n literêre opstel van 600 woorde hoe Kel de Jong groei tot 'n komplekse karakter en uiteindelik volwaardig mens word deur veral na die vetgedrukte woorde in die bostaande aanhaling te verwys.


**[30]**

**OF**

**BEANTWOORD VRAAG 4 óf VRAAG 5 as jy *EEN OF ANDER HELD* bestudeer het.**

**VRAAG 4** **KEUSEVRAAG: *EEN OF ANDER HELD*** (Zirk van den Berg)

Dit is beslis nie toevallig dat die enigste ander figure wat op die voorblad van hierdie roman verskyn, drie vroue-figure is nie.




Beredeneer in 'n literêre opstel van 600 woorde of **Isa Viitanen**, **Mesuvere Feinauer** en **Lisbeth Kamke**, verdien om ook as **"een of ander held(in)"** gesien te word, veral op grond van die rol wat hulle in **Siegfried Bock se lewe** speel.

Dui in jou slotparagraaf aan watter een van hierdie vroue, volgens jou, die grootste impak op die hoofkarakter, Siegfried Bock, se lewe gehad het.

**[30]**

IEB Copyright © 2024

**OF**

## VRAAG 5 KEUSEVRAAG: *EEN OF ANDER HELD* (Zirk van den Berg)

> "*Dit is vroeg reeds duidelik dat die skrywer sy hoofkarakter as 'n plooibare, 'onvoltooide' figuur sien; iemand wat deur sy verskillende ervarings –* ***van diegene wat hom goedgesind is, dié wat hom leed wil aandoen en ander wat bloot nie veel oor hom omgee nie en hom as laspos beskou*** *– deurlopend verander en groei.*"

[Bron: "Gepaste einde maak drieluik tops". *Rapport* 20 Junie 2021]

Bespreek aan die hand van bogenoemde aanhaling, hoe Siegfried Bock deurlopend gedwing is om as karakter te groei. Dui in jou slotparagraaf aan watter ander karakter en gebeurtenis die grootste impak op hierdie groeiproses gehad het.

**[30]**

**60 punte**

IEB Copyright © 2024

**AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**

Die volgende tydskrifvoorblad kan as prikkel vir jou skryfstukke gebruik word.



**VRAAG 6 VERPLIGTE VRAAG – REDAKTEURSBRIEF**

Jy is die redakteur van die tienertydskrif, ***MATRIEK***.

Die aktuele onderwerp van SELFVERTROUE word in die volgende uitgawe bespreek. Jy weet dat die boodskappe van tieners oor hoe min **selfvertroue** hulle deesdae het (as gevolg van toetspunte, hul liggaamsbou of die min reaksie op hul sosiale media) die tydskrif se *WhatsApp*-lyn besig hou omdat soveel tieners op 'n daaglikse basis daarmee wroeg.

Skryf jou **redakteursbrief** vir die volgende uitgawe oor hierdie onderwerp.

**Belangrik:**

- Gee jou skryfstuk 'n treffende titel.
- Jou redakteursbrief moet 250 woorde lank wees. Bring die woordtal onder jou skryfstuk aan.
- Die hoofkwessie moet gedek word, maar jy kan verwys na ander (denkbeeldige) verwante artikels in die tydskrif om lesers se aandag daarop te vestig.
- Jou redakteursbrief moet op die teikengroep gerig wees.
- Jou taal en styl moet pas by die tydskrif én jou posisie as redakteur.

**[20]**

**BEANTWOORD VRAAG 7 óf VRAAG 8**

**VRAAG 7 KEUSEVRAAG – RESENSIE**

Jou gunstelingsanggroep het so pas 'n nuwe digitale album, ***Kanse***, vrygestel wat binnekort op alle digitale platforms beskikbaar sal wees.

Jy dien in die tienertydskrif, ***MATRIEK***, se redaksie en moet 'n lekkerlees**resensie** oor die album skryf. Die redakteur het gevra dat jy spesifiek sal verwys na **die genre, spesifieke treffers op die album, die prys en enige ander aspekte** wat hiervan 'n trefferalbum en 'n moet-luister-produk maak.

- Gee aan jou resensie 'n prikkelende titel.
- Hoewel jou resensie uiteraard positief sal wees, mag jy enkele swak plekke of leemtes uitwys as jy dit nodig vind.
- Beskryf twee foto's/grafika wat ingesluit sal word om jou resensie te motiveer. Elkeen van jou beskrywings moet tussen 15 en 20 woorde lank wees. (Jy hoef dus niks te teken nie.)
- Die toon en styl moet jou teikenmark oortuigend betrek.
- Jou resensie moet ongeveer 250 woorde beslaan (insluitend die beskrywings van jou foto's/grafika). Dui die woordtal onder jou teks aan.

**[20]**

**OF**

## VRAAG 8 KEUSEVRAAG – ADVERTENSIEKOPIE

Jou gunstelingsanggroep het so pas 'n nuwe digitale album, ***Kanse***, vrygestel wat binnekort op alle digitale platforms beskikbaar sal wees.

Jy dien op die tienertydskrif, ***MATRIEK***, se redaksie en die redakteur het gevra dat jy treffende **advertensiekopie** oor die album skryf. Jy moet spesifiek verwys na die **genre, spesifieke treffers op die album, die prys en enige ander aspekte** wat hiervan 'n trefferalbum en 'n moet-luister-produk maak.

- Gee aan jou advertensie 'n prikkelende opskrif.
- Beskryf twee foto's/grafika wat ingesluit sal word om jou advertensiekopie te ondersteun. Elkeen van jou beskrywings moet tussen 15 en 20 woorde lank wees. (Jy hoef dus niks te teken nie.)
- Die toon en styl moet jou teikenmark oortuigend betrek.
- Jou advertensiekopie moet ongeveer 250 woorde beslaan (insluitend die beskrywings van jou foto's/grafika). Dui die woordtal onder jou teks aan.

**[20]**

**40 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024